

SSK

# wenakker

Maart / March 2020

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Levitikus 26:4 "sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd, sodat die lande oeste sal lewer en die bome vrugte sal dra"

| | mm |
|---|---|
| Aberdeen | 138 |
| Albertinia | 67 |
| Avontuur | 100 |
| George | 179 |
| Heidelberg | 63 |
| Herold | 32 |
| Joubertina | 60 |
| Knysna | 175 |
| Misgund | 100 |

| | mm |
|---|---|
| Mosselbaai | 151 |
| Noll | 52 |
| Plettenbergbaai | 120 |
| Riversdal | 58 |
| Robertson | 185 |
| Stilbaai | 72 |
| Swellendam | 168 |
| Uniondale | 79 |

# DANKBAAR!

REËNVALSYFERS VANAF 1 JANUARIE TOT 6 FEBRUARIE 2020

# DIE 2019 GRAANSEISOEN

Die 2019 oesjaar was effens swakker in opbrengs as die 2018 oesjaar met gepaardgaande kwaliteit uitdagings.

Die oesjaar het afgeskop met baie droë toestande in die SSK bedieningsgebied en dit was alreeds in Augustus 2019 duidelik dat ons 'n onder-gemiddelde en baie vroeë oesjaar kon verwag. Die eerste graanlewerings het op 14 September 2019 plaasgevind en teen einde Oktober was meer as 95% van die 2019 oes reeds gelewer in SSK silo's.

Opbrengste was oor die algemeen onder-gemiddeld tot gemiddeld by alle gewasse insluitend gars, canola, hawer en veral koring. Gepaardgaande met die swak opbrengs was die gars kwaliteit swakker vanjaar, weens uitermatige hoë stikstof en ongeveer 15 % van die totale moutgars-oes is as voergraad ontvang. Koring grade was beter as die vorige jaar met meer as 92 % van alle koring ontvang gegradeer as Super- en B1 grade. Canola het nie kwaliteits probleme ondervind nie, maar hawer daarteenoor het meer voerhawer kwaliteit gerealiseer weens swakker skepelmassas.

SSK het 194 580 ton graan ontvang vir die 2019 oesjaar teenoor 2018 se 199 712 ton.


Die Kleinbergdepot is in 2019 suksesvol gevestig en bo en behalwe koring is daar ook ander produkte daar ontvang. Weereens was die meerderheid van SSK se silokapasiteit onderbenut en dit was duidelik dat die droogte 'n wesenlike impak op die ontvangstes gehad het. Alhoewel SSK 'n effense swakker oes ontvang het as in die 2018 oesjaar, is ons nog steeds dankbaar, aangesien ons op 'n stadium meer kwaliteits probleme verwag het in terme van lae koring skepelmassas en uitermatig hoë stikstof op moutgars.


Met die skryf van die berig het daar wyd verspreide reën oor die hele SSK streek geval waarvoor ons baie dankbaar is. Ons hoop en vertrou dat 2020 'n uitsonderlike oesjaar gaan oplewer.



*- Henry Gale*
*Senior Bestuurder: Graan*

**Hieronder volg die lewering per depot en lewering per graansoort:**




## SSK SAADPRYSE 2020

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KORING | SST 056 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| | SST 087 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| | SST 0127 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| | SST 0117 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| | SST 0147 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| | SST 0166 | 50 kg | R 398.00 | 7.96 |
| GARS | MOBY | 25 kg | R 226.25 | 9.05 |
| | SKG 9 | 50 kg | R 590.00 | 11.80 |
| | SSG066V | 50 kg | R 370.00 | 7.40 |
| | HESSEKWA | 50 kg | R 380.00 | 7.60 |
| | ELIM | 50 kg | R 380.00 | 7.60 |
| | KADIE | 50 kg | R 380.00 | 7.60 |
| LUPIENE | MANDELUP | 25 kg | R 242.50 | 9.70 |
| | SSL 10 | 25 kg | R 242.50 | 9.70 |
| | LILA B | 25 kg | R 375.00 | 15.00 |
| | BITTER GEMENG | 25 kg | R 200.00 | 8.00 |
| CANOLA | HYOLA 350 TT | 25 kg | R 8 745.00 | 349.80 |
| | HYOLA 555 TT | 25 kg | R 7 975.00 | 319.00 |
| | ALPHA TT | 20 kg | R 7 300.00 | 365.00 |
| | QUARTS | 20 kg | R 6 450.00 | 322.50 |
| | 43Y92 | 20 kg | R 7 956.00 | 397.80 |
| | 44Y90 | 20 kg | R 7 340.00 | 367.00 |
| | 45Y91 | 20 kg | R 7 446.13 | 372.31 |
| | HYOLA 559 TT | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | HYOLA 650 TT | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | HYOLA 577 CL | 20 kg | R 5 980.00 | 299.00 |
| | CB ATOMIC TT | 20 kg | R 5 400.00 | 270.60 |
| | DIAMOND | 20 kg | R 6 100.00 | 305.00 |
| KOROG | US 2014 | 25 kg | R 188.75 | 7.55 |
| | AG-BEACON | 25 kg | R 275.00 | 11.00 |
| | AG-MARCELL | 25 kg | R 295.00 | 11.80 |
| | AG-BENTLEY | 25 kg | R 295.00 | 11.80 |
| VOERERTE | ASTRONAUTE | 25 kg | R 537.50 | 21.50 |
| | AVRIKA | 25 kg | R 416.25 | 16.65 |

| | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| HAWER | PALLINUP | 25 kg | R 295.00 | 11.80 |
| | DUNNART | 25 kg | R 296.00 | 11.84 |
| | SSH 421 | 50 kg | R 383.00 | 7.66 |
| | SSH 405 | 50 kg | R 383.00 | 7.66 |
| | OUTBACK | 25 kg | R 376.25 | 15.05 |
| | MAJORIS | 25 kg | R 327.55 | 13.10 |
| | SAIA | 25 kg | R 350.00 | 14.00 |
| | HORSEPOWER | 50 kg | R 730.00 | 14.60 |
| | SIMONSBERG | 50 kg | R 590.00 | 11.80 |
| | SSH 491 | 50 kg | R 383.00 | 7.66 |
| | MACNIFICO | 25 kg | R 495.00 | 19.80 |



*Gerdus Steyn*
*Saad Afdelings Bestuurder*

## SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen:

- Koring - Orius beheer teen stinkbrand en losbrand
- Gars - Redigo beheer teen bedekte brand en losbrand
- Hawer - Shavit beheer teen losbrand
- Seedoprid behandeling word op versoek van produsente op koring, gars en hawer gedoen teen R55/50kg sakkie.
- Biocult behandeling word op versoek van produsente op koring en gars gedoen teen R45/50kg sakkie.
- Galmano behandeling word op versoek van produsente op koring gedoen teen R185/50kg sakkie.
- Seedoprid - Beheer teen russiese plantluis
  Beheer van Russiese plantluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van **Imidaklopried** te bevorder.
- BIOCULT is 'n mikrobiese grond inokulant wat wortelgroei stimuleer, opbrengs en kwaliteit verhoog.
- Galmano - Beheer van vrotpootjie en blaarroes
  Onder normale omstandighede sal Galmano blaarroes beheer vir 'n periode van ongeveer **8 weke na opkoms**.

***Enige saad-verwante navrae kan gerig word aan:***
Gerdus Steyn, Saad Afdelings Bestuurder
sel: 082 521 4515 / e-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za

# PATRYSFONTEIN SE MULLERS





Ignatius, Johann en Quintus Muller

'n Week na die goeie reën in die Mosselbaai distrik einde Januarie, vra die dominee in die Moedergemeente vir Johann Muller van Patrysfontein om "dankie te sê". Johann vertel van die 42 gronddamme op die plaas wat reeds 4 jaar droog is en hoe 41 damme nou na die reën vol is. Hy vertel hoe lekker dit voel om soggens wakker te word en daar is nie die las op jou skouers van water en voer aanry vir diere wat honger is nie. "Sonder die Here is 'n mens en 'n boer niks" sluit hy af. Onder sy gebed hoor ek hoe die mense in die kerk snuif.

## "Sonder die Here is 'n mens en 'n boer niks"

Twee weke later kuier ek op Patrysfontein by *Muller en Seuns*, pa Quintus en seuns Ignatius en Johann. Quintus en Johlene Muller is ryk- in-genade mense met 2 seuns wat saam met pa boer en 7 kleinkinders op oupa en ouma se voorstoep. Ignatius en Johann is die 6de geslag wat op Patrysfontein boer en Quintus vertel dat dit die enigste plaas in die distrik is wat nooit onderverdeel is nie. Die plaas beslaan 2000 hektaar en Ignatius en sy gesin woon in die 200 jaar oue opstal. Johann vertel dat hy "sy hoed afhaal" vir sy pa wat hul mentor is, en dat hy sy seuns vertrou met vrye teuels. Quintus se vrou Johlene is die President van die SWD VLV en dien reeds amper 45 jaar op die bestuur van dié organisasie. Sy vertel hoe vrouens hulle mans in swaar tye op die plaas ondersteun en elke sent omdraai om die plaas te help deurdra.

Ek kuier lekker saam met pa en seuns om die ronde tafel. Quintus vertel dat hulle tussen 130 en 169 mm reën gekry het die afgelope tyd. Daar was 'n groot droogte in 1892, daarna in die depressiejare van die 1930's, in 1968 en nou weer. Hy hoop dat die lekker reën van die afgelope dae die huidige droogte-siklus nou vir eers gebreek het en dat dit ons nie weer in ons leeftyd sal oorkom nie.

Die Mullers gaan nou vir die eerste keer in 5 jaar droëland lusern sny. "Die koeie kry nie kans om alles op te vreet nie, so baie is daar". Die mielies wat hulle geplant het met die hoop dat dit veevoer sou kon word, staan geil in die lande. Johann wat 2 meter (+6 voet 6 duim) lank is, moet opkyk na party plante. Hy nooi my om saam in die reuse selfloopspuit se kajuit te sit, terwyl hy gif spuit. Nie almal het al saam met 'n oud-Springbok kaptein gif gespuit nie!

Ek vra Johann om die spanning van 'n rugbyspeler by die Rugby Wêreldbeker te vergelyk met dié van boer wees en hy lag. "Ek het altyd gedink daardie spanning is erg, maar dit was eintlik lekker spanning. Die spanning van boer wees is grootmens spanning en speeltyd is verby".

Die Mullers diversifiseer met graan, 'n melkery, skape en Bonsmara beeste en is groot voorstaanders van minimum bewerkings praktyke. Johann vertel dat hulle nog relatief goed gedoen het met koring in 2019, maar dat hulle "pakslae" gekry het met canola. "Maar hierdie jaar gaan 'n goeie jaar wees".

## "Dit is waaroor boer wees gaan"

Dis altyd lekker om by 'n plaas weg te ry waar mense hoopvol en optimisties is oor die toekoms. Johann se woorde sal my nog lank bybly: "die lekkerste van boer wees is om 'n saadjie te plant en dan met geloof en hoop te wag dat die wind, son en reën hulle ding doen tot oesdag. Dít is waaroor boer wees gaan".

*- Annelie van Wyk*



Johann Muller: oud-Springbok kaptein kyk op na sy mielies. So moet droëland mielies in die Suid-Kaap mos lyk!

# GERHARD VENTER

## Bestuurder: Brandstof

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek het my skoolloopbaan in Namibië, (op daardie stadium nog Suidwes-Afrika), in my geboortedorp, te Otjiwarongo Hoërskool voltooi en aan die Universiteit van Stellenbosch as Landbou-Ekonoom gekwalifiseer. Hier het ek my vrou, Dokkie ontmoet. Ek en Dokkie is 28 jaar gelede in Beaufort-Wes getroud op 'n Karoo somersdag, in Januarie 1992. Met 42 grade celsius het ons pad saam begin. Ons enigste kind, 'n dogter, is 'n jaar later gebore en soos die betekenis van haar naam, Heléne, was en is sy ons ligstraal. Heléne is nou getroud met Conrad en het ek 'n seun, maar ook 'n seën bygekry. Dokkie is 'n gekwalifiseerde Maatskaplike werkster en Onderwyseres en nou 'n verhuringsagent vir lang- en vakansieverhurings, by Just Properties in Hartenbos.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons doen nie elke dag dieselfde ding oor en oor nie, maar hou daarvan om een dag in die bosse te gaan rondloop en dit dan weer af te wissel met 'n rivierbesoek of om langs die see te gaan ontspan. Ons het selfs nou in amateur snorkelduikers ontaard. Verder hou ons van 'n uiteet waar Dokkie pizza kan eet en ek 'n vleiserigheid. Ons gesels oor ernstige goed en ditjies-en-datjies. Dit is vir ons lekker.

Voorheen het ons saam rolbal en tennis gespeel, maar weens omstandighede (los kniekoppe) het die tennis gestop. Rolbal het egter nou na vore getree en is dit iets wat ons nog vir lank saam kan be-oefen. Familievakansies in my geboorteland en Karoovakansies saam met my skoonfamilie is natuurlik ononderhandelbaar.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het in Koöperasiewese begin, weggebreek en toe weer teruggekeer Koöperasie toe. As afgestudeerde student en pas klaar met my Nasionale Diensplig het ek vir 'n jaar 'n deeltydse pos as Dosent by Kromme Rhee Landboukollege in Stellenbosch beklee, voordat ek voltyds by Carnarvon Vleiskoöperasie begin werk het en later as Landbou-Ekonoom in Upington. Ek het dié pos vir 6 jaar beklee, waartydens ek by Unisa, handelsvakke tot uitbreiding van my kennis studeer het. Die handelsvakke saam met die Landbou-Ekonomie graad het my dapper genoeg gemaak om 'n onafhanklike konsultant te word in George.



Gerhard en Dokkie Venter

In die Suid-Kaap was ek vir 19 jaar werksaam tussen boere en sakemanne, totdat ek vir vyf jaar in die Oos Vrystaat by 'n Koöperasie gaan werk het en spesifiek in die brandstofbedryf spesialiseer het.

My pa was 'n boer in murg en been, maar het gediversifiseer en ook 'n vulstasie op Otjiwarongo gehad. Hier het ek my eerste kennismaking met die brandstofbedryf gehad en het ek onder andere in Carnarvon ook brandstof bestuur.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek sien die omskakeling van die gewone alledaagse afleweringsmetodes vanaf oliemaatskappye na die Koöperasie en ander landbou maatskappye, na die huidige SSK stelsel waar die oliemaatskappy nie meer die vervoer beheer nie, as groot mylpaal. Dit het 'n meer stroombelynde, asook goedkoper vervoer van brandstof vir SSK daargestel.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

SSK oor 5 jaar moet kan terugkyk en sien hoe ons al meer waarde aan die gemeenskap en ons lede toegevoeg het, en moet aanhou om persoonlike diens te handhaaf.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek het by drie bronne baie goeie raad gekry. My pa het vir my die eenvoudige raad gegee van: "Van uitstel kom afstel". Ek poog dus om dit wat afgehandel kan word, af te handel en dan sloerwerk deurlopend op te volg. Hul het vir ons almal geleer dat mens nooit te oud is om te leer nie en ek leer elke dag by oud en jonk. Die beste raad kom natuurlik uit die Skrif en is van so aard dat ons elke dag op 'n groot speelveld raad kry vir optrede, gedrag, etiek, verhoudinge, krag, besluitneming, beskerming en baie meer.




SSK kan nou op plase in die hele SSK bedieningsgebied en selfs verder brandstof aflaai. Ons pryse is baie mededingend. Takbestuurders en/of Veld-bemarkers kan gekontak word vir navrae en om bestellings te plaas.

### SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) / BROAD BASED BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT (BBBEE)

SSK se nuuste SEB telkaart is in November 2019 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 8 is behaal ingevolge die Agri Sektorkode. Gegewe SSK se koöperatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenlike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word wat dit 'n groot uitdaging maak. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

**Contact Andre Joubert at 028 514 8642 / andre.joubert@ssk.co.za or Koos van Zyl at 028 514 8703 / koos.vanzyl@ssk.co.za in this regard.**

SSK

# VEEVOER VERVAARDIGERS

## 20 JAAR VAN WERK SAAM, WEN SAAM

Die SSK Veevoer Vervaardigers aanleg is sedert Mei 2000 in produksie en vier dus vanjaar sy 20ste bestaansjaar. Die aanleg by die Karringmelksrivier silokompleks het 'n kapasiteit van sowat 3000 ton per maand en 'n soortgelyke aanleg word binnekort in Riversdal geopen. Die afdeling gaan steeds van krag tot krag met die afgelope Januarie maand wat die besigste maand in die afgelope 20 jaar was. Die afdeling se voere bly die mees bekostigbare opsie vir ons lede en presteer uitstekend in terme van melk produksie en reproduksie by ons suiwel boere. Die afdeling het sedert sy ontstaan daarin geslaag om 'n stabiele plaaslike mark vir produkte soos voergars en geelmielies te skep en bied op alle vlakke 'n groot voordeel vir ons lede.



**SENIOR BESTUURDER**
Adam van Wyk
028 514 8608



**ADMINISTRASIE**
Heidric Baatjies
028 514 8682
028 514 8600



**PRODUKSIE**
Franscois Kistoor
028 514 8682
083 266 0991



**LOGISTIEK & ONDERHOUD**
Michiel Beyers
028 514 8682
082 641 8600



**VOEDINGSKUNDIGE**
Henk Schuurman
028 514 8789
082 388 0029



**ADMIN BEAMPTE**
Annelene Goosen
028 514 8682



**PRODUKSIE BESTUURDER**
Hans Boesak
028 514 8600



**ADMIN BEAMPTE**
Billy Saayman
028 514 8600

# LANGDIENS ERKENNING




David Miggels, Pakmateriaal: Haarlem, 30 jaar diens.

**30 JAAR:** David Miggels

**25 JAAR:** Linda Jonkerman

**20 JAAR:** Lindie Burger, Sonja Malherbe

**15 JAAR:** Dewald Meyer, Novelle Manho, Denise Esau, Klein-Jan Paulse, Heindrich Stiglingh

**10 JAAR:** Elisma Klue, Catharina Munnik, Johan Erasmus

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | NOV 2019 | DES 2019 | JAN 2020 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 0 | 0 | 100 |
| Albertinia | 18 | 8 | 44 |
| Ashton | 26 | 11 | 41 |
| Avontuur | 79 | 15 | 87 |
| George | 79 | 34 | 150 |
| Heidelberg | 27 | 10 | 47 |
| Herold | 27 | 7 | 32 |
| Joubertina | 11 | 10 | 31 |
| Karringmelks | 24 | 3 | 52 |
| Knysna | 130 | 37 | 139 |
| Misgund | 54 | 21 | 84 |
| Mosselbaai | 36 | 12 | 118 |
| Protem | 30 | 10 | 80 |
| Plettenbergbaai | 52 | 0 | 65 |
| Riversdal | 41 | 8 | 44 |
| Swellendam | 30 | 2 | 67 |
| Uniondale | 4 | 12 | 71 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**




Die SSK Administratiewe gebou in Swellendam is in 2019 gerestoureer en die SSK Direksie het vroeg in Desember 2019 die eerste Raadsvergadering in die nuwe Raadsaal gehou.

Agter v.l.n.r: Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin), Thys Streicher, Adriaan Steyn, Thys Odendaal, Freddie Lourens, Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe).
Voor v.l.n.r: Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte), John Robertson, Nico de Kock, Piet Sands Uys, Dirk van Papendorp (Voorsitter), Johannes Joubert, Marais Pienaar en Schalk Viljoen (Onder-Voorsitter).

# Softlutions 2.0

***Looking back...***
It is sometimes hard to believe that almost 9 years have passed since Softlutions was formed as a collaboration between Ben van Rensburg and SSK. The purpose was to create an environment within which the FrameworX concept could be proven, while delivering effective software solutions to meet SSK's wide ranging specialised needs.

The focus in the early years was primarily orientated towards partner SSK to ensure that Softlutions delivered the value and benefits that the FrameworX platform promised.

During this formative period Softlutions successfully created and implemented the GrainworX and NextPOS products together with a number of bespoke solutions that are core to SSK's business operations. At the same time Softlutions was able to significantly expand the FrameworX platform itself and widen the customer base.

The FrameworX concept and what Softlutions can offer for customers, have been successfully proven beyond any doubt.

***Right now...***
With the concept proven, the Softlutions Board has adopted a four year strategic plan to shift gears and grow Softlutions into a larger more independent software development company.

This will enable Softlutions to build the required culture, expertise and capacity to focus on the development, delivery and support of top quality products and services to the benefit of all existing and new customers - including SSK.

Strategy year one (1 March 2019 to 29 February 2020) is focused on building a high performing team with special attention being paid to culture, values and quality while ensuring that the existing customer experience is raised further and existing products are improved.

Since the start of 2019 the team has grown from just 5 employees to a total of 13 full time personnel plus 2 part time consultants and Softlutions is now situated on a unique revamped premises surrounded by vineyards between Somerset West and Stellenbosch.

***Looking ahead...***
In strategic year two and beyond Softlutions will be focusing on new markets and customers for improved products and services. The wider agri industry in South Africa is already showing promising interest in Softlutions' offering and the company is busy investigating some interesting opportunities further North in Africa in the mining industry.

These are very exciting times. Softlutions is looking forward to living and delivering on its core purpose creating value through simplicity.



*Ben van Rensburg*
*MD Softlutions (Pty) Ltd*

# AGRILAND PLETTENBERGBAAI/PLETTENBERG BAY




**Agter:** Andisile Sibidla, Neil Fourie, Nazino Titus, Winston Ruiters, Nathan Jacobs, Coenraad Kortjie, Oswald Moses, Jesse Frans.
**Middel:** Johanna Moses, Veradean Aarons, Jessica Pieterse, Bronwen Rossouw, Cecilia Germishuys, Julia Lombard.
**Voor:** Denise Nell en Elspeth Cloete.

The AgriLand branch in Piesangvallei Road, Plettenberg Bay is a friendly and welcoming place. Here one-and-all chat at the till and in the isles and a stranger quickly becomes a friend.

Die tak is in die bekwame hande van die Takbestuurder, Julia Lombard en haar span. Haar deur staan permanent oop en lede en kliënte loer gereeld in om sommer dag te sê of raad te vra. Sy word waardeer in Plettenbergbaai. Daarvan getuig die plakkaat op Julia se muur wat 'n geskenk van 'n kliënt was: ***STAY CALM, JULIA IS HERE.***

Julia vertel dat sy elke aspek van die tak soos die palm van haar hand ken. Sy was al Kassiere, Bemarker en Administratiewe beampte en het ook al in die ontvangstestoor diens gedoen. Daarom kan sy haar vinger op die pols van die tak hou. Daar is 17 personeel en alhoewel daar verskeie spesialiste is in afdelings soos verf, tuinbou en besproeiing, weet elke personeellid genoeg van elke afdeling om kliënte te kan bystaan met raad en daad.

The farming community in Plettenberg Bay is diverse with horse-, dairy-, egg-, vegetable and flower farms supporting the branch. There are various wine farms in the vicinity and clients are avid supporters of their local brands. Plettenvale, Packwood, Lodestone, Newstead, Leto Venus and Luka wines are "proudly Plett" and are available on the AgriLand wine shelves.

According to Julia, approximately half of the clientele are English speaking and there are quite a few home owners from Germany that spend summers in Plettenberg Bay and regularly support the branch. Julia spog dat hulle brandstofpryse die goedkoopste in die dorp is en Winston Ruiters is boonop volgens almal die vriendelikste brandstofjoggie in die kontrei. Sy vertel dat binnelanders vakansietye dikwels die wens uitspreek dat hulle ook 'n AgriLand Plett op hulle dorpe kon hê.

Maak gerus volgende keer as jy in Plett is 'n draai by die tak. Soos die Duitse swaeltjies sal jy beslis terugkeer.

*- Annelie van Wyk*



## BAIE GELUK!

Anja Joubert, (Junior Protea ruiter) en haar trotse pa, Johannes Joubert (SSK Direkteur).

Anja is gekies vir die Junior Protea Ruiterkuns span tydens SSSA Nasionale proewe by die Riversdal Skougronde op 1 Februarie.

DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
2. Van Loveren Pinotage
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Bon Courage Blush Vin Doux
5. Diemersfontein The Prodigy Pinotage
6. Beyerskloof Pinotage
7. Koelenhof Pinotage
8. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
9. Bon Courage Sauvignon Blanc
10. Koelenhoffer Off Dry Sauvignon Blanc




# DIE SSK ADMINISTRATIEWE GEBOU IN SWELLENDAM HET ONLANGS 'N NUWE BAADJIE AANGETREK



Erenst Pelser en Villiers van Veen aan die woord by die opening.



## OESNUUS UIT DIE LANGKLOOF



Volgens Marais Pienaar van JayDee Farms in Louterwater is daar 'n goeie appel- en peeroes, beide in volumes en kwaliteit, in die Langkloofstreek in die vooruitsig. Produsente is dankbaar dat daar tans in groot gedeeltes van die Langkloof voldoende water is, maar daar is ook produsente wat op die stadium watertekorte ervaar.

Die oesproses is tans in volle swang en ons wens die Langklowers alles van die beste toe.





Kerneels Swanepoel van Stilbaai was die gelukkige wenner van die AgriLand Somer promosie kompetisie. Hy het 'n "Bean-to-cup" koffiemasjien ter waarde van R8995 gewen. Kerneels ontvang hier sy prys van die Takbestuurder Andre Jonker terwyl Shanell Hattingh toekyk.

# LANDBOU SKOUE IN DIE SSK STREEK:










Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing : Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling en rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za